Oud-Studente Sportklub

Sedert 1959 was daar ’n behoefte onder sportlui soos Nelie Smith, Sakkie van Zyl en Piet Goosen, om ’n klub vir oud-studente (en hul gades) van alle universiteite en kolleges, in Bloemfontein te stig. Op 3 Maart 1969 het ’n aantal persone op uitnodiging van Sarel du Plessis,destydse griffier van die Hooggeregshof, by sy huis byeengekom en is die Oud-Studente Sportklub formeel gestig, met die gepaste leuse *E pluribus unum* (uit veelheid ’n eenheid).

Die hoofdoel was om ’n sportklub te ontwikkel waar soveel as moontlik sportsoorte aangebied kan word. Die eerste sportsoort wat aangebied is, was rugby en slegs ses spelers het die eerste oefening op die velde van die J.B.M. Hertzogskool (nou Hoërskool Bloemfontein) bygewoon. Hoewel rugby nie meer aangebied word nie, het Oud-Studente in die verlede die Vrystaatse klubkampioenskap gewen en verskeie Springbokke opgelewer. Ander sportsoorte wat gevolg het, was krieket, tennis, sagtebal en hokkie. Later het tafeltennis, skiet, rolbal, muurbal en netbal bygekom.

Die klub se eerste voorsitter was oud-appèlregter Joos Hefer, terwyl die voorsitter van die tennisafdeling Sol Lubbe was.

Die klub se eerste klubgebou is op 8 November 1974 in gebruik geneem. Danksy goeie leierskap en bestuur en goeie verhoudings met die munisipaliteit, het die klub vooruitgang beleef en in die vroeë tagtigerjare sy duisendste lid, die tennisspeler, Ricco Ferreira as lid ingeskryf. Omdat die klub aan die munisipaliteit se sportbeleid vir finansiële hulp onderhewig was, het die klub ’n sogenaamde oop klub geword en kon persone wat nie oud-studente was nie, ook aansluit.

Met die verloop van tyd het die klub finansiële probleme ontwikkel en het ’n groep ontwikkelaars voorgestel dat die klub sy bedrywighede op ’n verkleinde terrein van die oorspronklike gronde voortsit. Ingevolge die munisipaliteit se beleid, kon die klub privatiseer en op 16 Maart 2001 is die huidige fasiliteite in gebruik geneem. Tans bied die klub net tennis, muurbal en rolbal aan. Die gebou- en sportfasiliteite is van die beste in die land en sportmanne en -vroue van die klub verteenwoordig die provinsie en die land met trots.

Wat die tennisafdeling betref, beskik die klub oor agt bane en daar is konstant oor ’n honderd lede. Lede speel Saterdae sosiale tennis en neem deel in die verskillende ligas plaaslik, provinsiaal en nasionaal. Albei die mans- en damesspanne het al die Vrystaat op die nasionale klubkampioenskappe verteenwoordig. Verskeie tennislede lewer ook gewaardeerde diens in die strukture van tennis op provinsiale sowel as nasionale vlak.

Dit gaan goed met Oud-Studente – die finansies is kerngesond (die klub is volkome onafhanklik) en sportlui kan hulle in ’n sport bevordelike omgewing uitleef.